



# MONTAGU

## LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720  
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

19 November 2020

### OB 3/K4-2020: ALGEMENE OUERBRIEF

Beste Ouers

Die jaar is besig om ten einde te snel; 'n jaar wat die meeste van ons beslis nie sal vergeet nie.

**Eksamen toetsreeks:** Volgende week begin die gr. 4-7 leerders eksamen skryf. U het reeds 'n werksafbakening en 'n eksamenrooster ontvang. Help asb. u kind om deeglik voor te berei vir die vraestelle. Die normale beleid geld: indien 'n leerder afwesig is tydens die formele assessering, moet 'n kliniek-/doktersertifikaat ingehandig word.

**Skooltye:** Vanaf Maandag 23 November is die skooldag vir gr. 1-7 vanaf 07h45 tot 13h00. Die **grondslagfase** se reëlins vir skoolbywoning gaan voort soos gereël: op die week-tot-week basis. Die **intersenfase** (gr. 4-7) se skoolbywoning moet ongelukkig aangepas word vir die eksamen / toetsreeks. Ouers moet asb. seker maak wat die reëlins is vir elke graad – dit verskil. Gr. 4-7 kom nie meer skool toe as groep A en B nie. Gr. 6 kom vanaf Maandag 23 November ook elke dag skool toe. Hulle gaan in die saal geakkommodeer word, sodat sosiale afstand steeds behou kan word.

**Kommunikasie:** Ons beste manier van kommunikasie onder omstandighede, waar kinders om die beurt skool toe kom, is steeds deur die *WhatsApp*-groepe. Moet asb. nie die groepe verlaat nie. Ons probeer om nie onnodige kommunikasie te stuur nie. Indien u weet van ouers wat die groepe verlaat het, vra asb. dat hulle die klasopvoeder kontak, sodat hulle weer teruggeplaas kan word op die groep. Alle **herregistrasievorms** moet asb. teen Maandag, 23 November terug wees by die skool, sodat ons die administratiewe inligting kan updateer voor die skool sluit.

Leerders wat uitgenooi word na die **erkenningaande**, ontvang elkeen 'n aparte brief. Die erkenningaande word versprei oor 5 aande, sodat ons aan die maatreëls vir sosiale afstand kan voldoen. Covid-19 maatreëls sal gevolg word. Ons het ongelukkig beperkte spasie en die aantal gaste sal dus beperk word. Die reëlins word in die aparte briewe getref. Ons het nie 'n jaar gehad waarin ons aan al die aktiwiteite kon deelneem nie, daarom kan daar ook net sekere gedeeltes van die normale erkenning plaasvind.

**Personeel:** Ons het u reeds meegedeel dat mnr. Terblanche 'n pos in Bloemfontein aanvaar het. Die beheerliggaam het na 'n reeks onderhoude vir mnr. Waldo Erasmus in die pos aangestel. Ons sien daarna uit om hom by ons skool te verwelkom. Me. Eileen Olivier sal vir 'n rukkie afwesig wees, weens 'n operasie wat sy moet ondergaan. Ons wens haar sterkte toe en glo sy sal spoedig herstel. Daar word tans inoefening en hersiening gedoen en mnr. Wolfaardt sal haar klasse waarneem.

Dankie vir u ondersteuning. Beste wense aan u elkeen.

Vriendelike groete

Jan Krüger  
Skoolhoof



Geborg  
deur:

